



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 16 MAART 2016 OM 11:40

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Wvd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl W Wilskut, die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys en die Snr Bestuurder: Tegnieise Siviele Dienste, mnr L D Zikmann.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Die voorsitter vra om verskoning dat die vergadering laat 'n aanvang geneem het, as gevolg van die bywoning van die optog in Riebeeck Kasteel. Die voorsitter vra die Munisipale Bestuurder om die versoekskrif aan die vergadering voor te hou.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 10 FEBRUARIE 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 10 Februarie 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 MAART 2016

5./...

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 20 JANUARIE 2016**6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 9 MAART 2016****6.1.1 ITEM 9.1: VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKINGS, HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 745, YZERFONTEIN (15/3/3-14, 15/3/4-14, 15/3/5-14) (WYK 5)**

'n Aansoek is ontvang vir die opheffing en wysiging van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op erf 745, h/v Parkstraat en Hoofweg 215, Yzerfontein. Die opheffing het ten doel om die eienaar in staat te stel om die gebou op die eiendom aan te wend vir besigheidsdoeleindes op die grondverdieping met woonstelle op die eerste verdieping.

Aansoek word ook gedoen vir die hersonering van erf 745 (groot 1005m²) vanaf enkel residensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n sakeonderneming en woonstelle op die perseel te vestig, asook vir afwyking van die 3m syboullyn (westelike sygrens) na ±2m.

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek om opheffing van voorwaardes 3, 6 en 8 en wysiging van voorwaarde 7 ten einde weg te doen met die 5m boullyn bepaling en wysiging van die beperkende titelvoorwaardes van toepassing op erf 745, h/v Parkstraat en Hoofweg 215, Yzerfontein, ten einde die eienaar in staat te stel om die gebou op die eiendom aan te wend vir besigheidsdoeleindes op die grondverdieping met woonstelle op die eerste verdieping, aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aanbeveel word;
- (b) Dat die oorweging van die aansoek om hersonering van erf 745 (groot 1005m²), Yzerfontein en afwyking van die boullyn oorstaan totdat die opheffing van titelvoorwaardes soos vermeld in paragraaf (a) afgehandel is.

6.1.2 ITEM 9.2: VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 497, RIEBEEK-WES (15/3/3-9) (WYK 3)

'n Aansoek is ontvang deur die eienaar, mnr en mev Fortuin, vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 497 (groot 42m²), geleë te Solomonsstraat 2, Riebeeck-Wes vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n winkel te bedryf.

6.1.2/...

Die winkel is reeds operasioneel en het die aansoek ten doel om die regte grondgebruike te bekom.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste rapporteer dat verneem is dat mnr Fortuin intussen oorlede is, maar dat die aansoek kan voortgaan omrede mev Fortuin die wettige erfgenaam is.

Daar is verder gevind dat daar 'n beperking teen die titelakte van die eiendom geregistreer is. Die opheffing van die beperkende titelvoorwaarde moet eers suksesvol volvoer word, alvorens die die voorgestelde grondgebruik gevestig kan word. Die aansoek vir die opheffing van beperkende titelvoorwaarde word ingevolge die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 gedateer 3 Julie 2015) deur die Munisipale Beplanningstribunaal hanteer.

BESLUIT

A Dat die aansoek om hersonering van 'n gedeelte van erf 497 (groot 46m²), Riebeek-Wes vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 Stadsbeplanning en Boubeheer

- (a) die sakesone 2 sonering beperk word tot ±46m² soos voorgehou in hierdie aansoek;
- (b) bouplanne vir die omskepping van die bestaande buitegebou in 'n winkel aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
- (c) ten minste 2 op-perseel parkeerplekke met 'n permanente stofvrye oppervlak hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit geskep word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk moet word;
- (d) die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
- (e) die uitvoering van hierdie grondgebruiksregte eers uitgeoefen word by die suksesvolle opheffing van titelaktebeperkings;
- (f) die beswaarmaker op sy/haar reg tot appèl gewys word per geregistreerde pos;

A2 Water

- (a) daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 Riool

- (a) daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 Vullisverwydering

- (a) 'n basiese vullisverwyderingstarief gehef word vir die woning asook vir die besigheid, wat in die geval van die besigheid aangepas sal word volgens die hoeveelheid vullis verwyder;
- (b) vullis in vullissakke op die naaste munisipale sypaadjie op die ooggend van verwydering geplaas word;

B Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Daar is fisies geen beperkings wat die voorgestelde aansoek negatief beïnvloed nie;
- (b) Die eiendom is ook reeds van dienste voorsien wat as voldoende beskou word;
- (c)/...

6.1.2(B)/...

- (c) Die toegang tot die perseel word as voldoende geag vanaf 'n openbare straat en gegewe die feit dat daar genoegsame spasie op die perseel is om die voorgeskrewe op-perseel parkering te voorsien, sal die aansoek nie 'n negatiewe impak op voetganger- of voertuig beweging hê nie;
- (d) Die aansoek is versoenbaar met die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.

7. NUWE SAKE

7.1 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 bepaal dat 'n munisipale raad sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan jaarliks moet hersien.

Die voorsitter behandel die wysigings sedert Mei 2015 wat in die vierde en laaste hersiening van die 2012-2017 GOP vervat is, soos gelys in die verslag tot die sakelys.

Die Hersiene GOP dien as basis vir die 2016/2017 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 31 Maart 2016)

Dat die hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsraamwerk (GOP) asook die hersiening van die Areaplanne na die Raad vir goedkeuring as konsepplanne verwys word, waarna 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2016 gevolg sal word.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR DIE 2016/2017, 2017/2018 EN 2018/2019 (5/1/1/1 – 2016/17, 5/1/1/2 – 2016/17)

Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (MFMA) bepaal dat die burgemeester van die munisipaliteit die jaarlikse begroting ten minste 90 dae voor die aanvang van die begrotingsjaar by 'n raadsvergadering ter tafel moet lê.

Die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting is ook in terme van die *Municipal Budget and Reporting Regulations, 2008* op 15 Maart 2016 aan die Begrotingsbeheerkomitee voorgelê.

Die voorsitter noem dat, noudat die Weskusstreek as 'n droogtegeteisterde rampgebied verklaar is, uitklaring verkry moet word of die Eiendomsbelastingsbeleid bepaal of 'n ekstra korting op landbou eiendomme verleen kan word, en indien nie, die beleid dienooreenkomstig gewysig word vir voorlegging aan die Raad.

Die voorsitter behandel die aanbevelings en word –

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Maart 2016)

A: GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2016/2017; 2017/2018 EN 2018/2019

- (a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, onderhewig aan die aanbevelings deur die Begrotingsbeheerkomitee, waarvan die aanbevelings nog verfyn moet word;

(b)/...

7.2/...

- (b) Dat die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting in beginsel goedgekeur word **uit die vermelde bronne van finansiering, soos volg:**

		<u>Histories:</u>	<u>Tans:</u>
(1)	Kapitaalebegroting :	2015/2016 R 92 885 408	R
	Aansuiwerings Kapitaalebegroting:	2015/2016 R	R 83 701 437
	Kapitaalebegroting :	2016/2017 R	R 74 945 020
	Kapitaalebegroting :	2017/2018 R	R 92 115 550
	Kapitaalebegroting :	2018/2019 R	R 148 449 357
(2)	Bedryfsbegroting :		
	Totale Inkomste :	2015/2016 R 564 444 651	R
	Aansuiwerings Inkomstebegroting:	2015/2016 R	R 599 195 579
	:	2016/2017 R	R 648 309 465
	:	2017/2018 R	R 708 008 794
	:	2018/2019 R	R 726 955 363
	Uitgawe :	2015/2016 R 579 331 647	R
	Aansuiwerings Uitgawebegroting:	2015/2016 R	R 607 236 171
	:	2016/2017 R	R 656 889 569
	:	2017/2018 R	R 706 839 207
	:	2018/2019 R	R 714 595 425
	Surplus/ - Tekort :	2015/2016 -R 14 886 996	R
	Aansuiweringsbegroting :	2015/2016 R	-R 8 040 592
	:	2016/2017 R	-R 8 580 104
	:	2017/2018 R	R 1 169 587
	:	2018/2019 R	R 12 359 938

- (c) Dat kennis geneem word dat die begrotingsbedrae nie as finaal aanvaar kan word nie, aangesien publieke insette nog gedurende April 2016 gelewer kan word, maar dat daar gepoog word om ten minste nie af te wyk van die voorgestelde tariewe soos per aangehegte skedules nie;
- (d) Dat kennis geneem word dat die voorgestelde elektrisiteitstariewe soos voorgeskryf deur NERSA aan lg. middel Maart 2016 vir goedkeuring voorgelê moet word, en dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste hierna die navrae van NERSA hanteer in 'n poging om die voorgestelde tariefaanpassings te motiveer en, waar nodig, die betrokke tariefaanzoek te wysig;
- (e) Dat die Raad derhalwe, met verwysing na paragraaf (d), die voorgestelde elektrisiteitstariewe vir die 2016/2017 finansiële jaar goedkeur, gedagtig daaraan dat dit steeds onderhewig is aan NERSA se finale goedkeuring;
- (f) Dat die konsep kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2016/2017 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van –
- (i) Belastinge
 - (ii) Tariewe
 - (iii) Projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate)
 - (iv) Begrotingsverwante beleidsdokumente, naamlik:
 - Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg);
 - Tariefbeleid (gewysigde beleid aangeheg);
 - Eiendomsbelastingbeleid (gewysigde beleid aangeheg);
 - Voorsieningskanaalbestuursbeleid (gewysigde beleid word in Mei 2016 via UBK voorgelê);
 - Kontantbestuur- en Beleggingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg)
 - Batebestuursbeleid (gewysigde beleid aangeheg)

7.2(f)/...

- (v) Nuwe begrotingsverwante beleid:
- Begroting Implementeringsbeleid (konsep beleid aangeheg)
- (g) Dat kennis geneem word dat die bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste- en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie, ten einde die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekening te bereken;
- (h) Dat die Raad kennis neem dat die besonderhede bekend is van die eksterne lenings en waardevermindering van die WKDM se waterinfrastruktuur oordrag tussen Swartland en die ander twee B-munisipaliteite (Bergrivier en Saldanhaabaai) en ingesluit is in die 2017/2018 begroting. Die waardevermindering vir 2017/2018 is gebaseer op dieselfde persentasie toedeling as die eksterne lenings, want die werklike bedrae is nog nie bekend nie. Die balans van die eksterne lenings soos op 1 Julie 2017 gaan R28 129 733 wees met rente van R4 707 416;
- (i) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;
- (j) Dat die Raad kennis neem van die toenemende styging in personeelkoste, wat soos volg bedra:
- ten aansien van alle werknemers, uitgesluit die Munisipale Bestuurder en artikel 56 aanstellings, daar vir 'n 6% verhoging begroot is vir 2016/2017, 2017/2018 en 2018/2019 finansiële jare;
 - ten aansien van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, gebaseer op 'n markverwante verhoging wat jaarliks deur 'n professionele konsultant, Work Dynamics (*P E Corporate Services*) bepaal word. Alhoewel die uitslag ontvang is, sal dit met die 30 Dae Begroting hersien en gefinaliseer word;
- (k) In 'n poging om rekeninge bekostigbaar te hou en finansiële volhoubaarheid te verseker, asook die geloofwaardigheid van multi-jaar begrotings te verbeter, sal die gemiddelde verhoging op huishoudings vir die 2016/2017 finansiële jaar min of meer tussen 5% en 9% wees;

Die volgende was hoofbydraers tot die toename:

Eiendomsbelasting

As gevolg van die toename in die algemene waardasie het die tariewe vir eiendomsbelasting afgeneem, behalwe vir Geografiese gebiede, naamlik:

Landbougebiede	-20,91%
Residensieël	-13,77%
Besigheid	-10,75%
Staatseiendom	-10,75%
Pensioenarisse	-13,77%
Geografiese gebiede	10,85%

Die nuwe wysiging in die Eiendomsbelastingwet aangaande die Geografiese gebiede (Grottobaai en Jakkalsfontein) sal oor 'n tydperk van 7 jaar uitgefaseer word waarvan die huidige korting van 75% sal verminder na 65%, 55%, 44%, 33%, 22%, 11% en in 2021/2022 sal die tarief gelykstaande wees aan die residensieël tarief;

Residensieël persele in landbougebiede ontvang tans 'n afslag van 76% (tarief is 24% van residensieël). Hierdie afslag sal verander na 78% (tarief is 22% van residensieël) vir die 2016/2017 finansiële jaar;

7.2(k)/...

Inwoners wat die geregistreerde eienaars van 'n residensiële eiendom is en 65 jaar en ouer word in die boekjaar, ontvang tans 'n R200 000 afslag. Hierdie bedrag sal verander na R300 000 vir die 2016/2017 finansiële jaar;

Die munisipaliteit kan finansiële bystand verleen waar die eiendom wat deur die eenaar bewoon word teen R95 000.00 of minder gewaardeer word, of soos jaarliks deur die Raad bepaal, met dien verstande dat die vrystelling van R15 000.00 soos beoog in artikel 17(1)(h) van die Wet uitgesluit sal wees van die R95 000.00 en die gekombineerde inkomste van al die persone wat op die eiendom woon, nie R4 515.00 oorskry nie;

Elektrisiteitstariewe

NERSA het 'n 9.4% tariefverhoging vir Eskom se direkte kliënte goedgekeur met ingang van 1 April 2016. Die Eskom tariefaanpassing vir munisipaliteite vanaf 1 Julie 2016 sal bepaal word deur NERSA, deur 'n hersiening van die uitwerking van die terugwerkende 3 maande tarief soos vereis deur Eskom. Daarna sal die nominale toelaatbare tariefverhogings vir munisipale elektrisiteitstariewe vir herverkope deur NERSA uitgereik word. Die elektrisiteit tariefaanpassings is dus voorlopig en sal weer by ontvangs van die finale tarief bepaling deur NERSA aangepas word, wat teen 18 Maart 2016 verwag word;

Water Tariewe

Gratis 5kl water vir huishoudings verminder na 4kl vir die 2016/2017 finansiële jaar.

Gratis 9kl water vir Deernishuishoudings verminder na 8kl vir die 2016/2017 finansiële jaar;

- (l) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfstekort en surpluse in die bedryfsbegroting, sowel as die kontantvloeistaat vir die huidige sowel as die daaropvolgende drie finansiële jare:
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is 4.44 maande vir 2016/2017, 3.89 maande vir 2017/2018 en 3.17 maande vir 2018/2019;
 - oor die drie finansiële jare sal daar 'n bedryfstekort wees vir 2016/17 van -R8 580 104 en surpluse in 2017/2018 van R 1 169 587 en 2018/2019 van R12 359 938;
- (m) Dat die waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die begrotings dokumentasie ten opsigte van verslagdoening aan die Provinsiale- en Nasionale Tesourie.

7.3 VOORLEGGING VAN 'N VOORLOPIGE 2016/2017 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die voorsitter noem dat hierdie slegs 'n voorlopige SDBIP is en dat tydsraamwerke aan projekte gekoppel sal word sodra die begroting gefinaliseer is.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Maart 2016)

Dat die aangehegte 2016/2017 Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) as 'n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

7.4/...

7.4 SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS (KPI's) EN TEIKENS VIR 2016/2017 (2/4/2)

Die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuursregulasies, 2001 (R796 gedateer 24 Augustus 2001) bepaal dat 'n munisipaliteit sy sleutelprestasie-aanwysers jaarliks moet hersien. Die regulasies bepaal verder dat wanneer 'n munisipaliteit sy GOP wysig, die munisipaliteit dan ook die sleutelprestasie-aanwysers wat deur so 'n wysiging geraak word, moet wysig.

Kragtens artikel 42 van die Munisipale Stelselwet (Wet 32 van 2000) moet die Munisipaliteit deur middel van toepaslike meganismes, prosesse en prosedures wat ingevolge Hoofstuk 4 van die Wet ingestel is, die plaaslike gemeenskap betrek by die ontwikkeling, implementering en hersiening van die Munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel.

BESLUIT

- (a) Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens as konsep goedgekeur word vir die doeleindes van publieke insette en kommentaar;
- (b) Dat die KPI's en teikens saam met die konsep hersiening van die GOP in April 2016 geadverteer word.

7.5 AANVAARDING VAN DIE VERORDENINGE INSAKE (1) INFORMELE HANDEL EN (2) GELEENTHEDE (1/1)

Hierdie verordeninge vorm deel van die tender om die Munisipaliteit se verordeninge en beleide te hersien – en waar nodig – nuwe verordeninge op te stel.

Die voorlegging ter aanvaarding van die konsep verordeninge geskied ingevolge paragrawe 59 en 60 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings (PK 7501 gedateer 2 Oktober 2015).

Geen kommentaar is vanaf die publiek gedurende die publieke deelnameproses ontvang nie.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 31 Maart 2016)

- (a) Dat die verordeninge insake (1) Informele Handel en (2) Geleentheid aan die Raad aanbeveel word vir goedkeuring;
- (b) Dat verder aanbeveel word dat die implementering van die Verordening aangaande Geleentheid eers vir 'n tydperk van 'n jaar in die praktyk getoets word, alvorens die tariewe soos aanbeveel in die verordening met ingang van Julie 2017 geïmplementeer word;
- (c) Dat – met verwysing na die Verordeninge aangaande Informele Handel – die Raad ingevolge die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991) volstaan met die beperkte gebiede vir informele handel soos tans afgebaken in Malmesbury, Moorreesburg en Darling;
- (d) Dat die verordeninge in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.

7.6 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENINGE INSAKE (1) MURE EN HEININGS EN (2) VERKEERSDIENSTE: BESTUUR VAN PARKERING (1/1)

Die voorlegging van die konsep verordeninge geskied ingevolge paragrawe 59 en 60 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings (PK 7501 gedateer 2 Oktober 2015).

Besluit/...

7.6/...

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Maart 2016)

- (a) Dat goedkeuring verleen word om die konsep Verordening insake Mure en Heinings en die konsep Verordening insake die Bestuur van Parkering aan die Raad op 31 Maart 2016 vir beginselgoedkeuring voor te lê;
- (b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordeninge vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.7 AFDELING: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE: AANVAARDING VAN TWEE NUWE BELEIDE EN HERSIENING VAN VERSKEIE BESTAANDE BELEIDE (4/2/B, 4/3/B, 4/6/B, 4/7/B, 4/8/B, 4/9/1/2/B)

Die proses om 'n nuwe beleid oor MIV/VIGS in die Werksplek op te stel het reeds in September 2013 'n aanvang geneem en het verskeie werkwinkels en konsultasies met die onderskeie belangegroepe plaasgevind om die beleid te finaliseer.

Die Beleid oor Internskappe is ook 'n nuwe beleid en het ten doel om studente, en veral gegradeerde werklose jeugdiges tussen die ouderdomme van agtien en vyf-en-dertig te ondersteun om praktiese werksonderwinding op te doen.

Die bestaande beleide is nie statiese dokumente nie moet gereeld hersien word en is 'n proses gevolg om geleentheid te gee aan belangegroepe, met inbegrip van IMATU en SAMWU, om insette te lewer.

Die Munisipale Bestuurder spreek sy dank uit teenoor elkeen wat by die proses betrokke was, aangesien daar baie tyd en energie ingegaan het om die beleide te finaliseer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die proses wat gevolg is en beide SAMWU en IMATU se betrokkenheid by en deelname aan die proses;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Beleid oor MIV/VIGS in die Werksplek goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;
- (c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Beleid oor Internskappe goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;
- (d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Beleid ten opsigte van Waarnemingstoelae goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;
- (e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Aanstellingsbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;
- (f) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Studiebeursbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;
- (g) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Telekommunikasie-beleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;
- (h) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Verlofbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;
- (i) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Oortydbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;

7.7/...

- (j) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Gelyke Indiensnemingsbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 April 2016;
- (k) Dat kennis geneem word dat die gewysigde delegasies wat voortspruit uit die wysiging van die betrokke beleide einde Mei 2016 aan Raad voorgelê word as deel van die Delegasieregister.

7.8 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO- EN FINANSIËLE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 NOVEMBER 2015 (11/1/3/1/7)

Die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee-vergadering gehou op 24 November 2015, is met die sakelys gesirkuleer.

Daar is nie enige aanbevelings van die komitee waarvoor 'n raadsbesluit benodig word nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee se vergadering van 24 November 2015.

7.9 SONDEZA AFRI-JEUG INISIATIEF: EVALUERINGSVERSLAG 2015 (17/2/2/1)

Die voorsitter behandel enkele hoogtepunte uit die verslag en noem dat, behalwe vir die deelnemers aan die kamp wat van regoor die wêreld afkomstig is en die bande wat gesmee word, die groei en ontwikkeling van die jeug van onskatbare waarde is.

Die voorsitter maak ook van die geleentheid gebruik om 'n spesiale woord van dank aan ABSA te rig as vennoot tot die Sondeza Afri-Jeug Inisiatief.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Evalueringsverslag van die 12^{de} Sondeza Afri-Jeug Inisiatief, soos opgestel deur die kampkoördineerder.

7.10 VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM PER OPENBARE TENDER L03.15.16: ERF 9302, MALMESBURY (12/2/B)

Die Raad het op 26 November 2015 goedkeuring verleen vir die vervreemding van erf 9302, Malmesbury by wyse van 'n mededingende bodproses.

Die betrokke erf is 'n vakante eiendom wat ten volle gediens is, en as algemene residensiële sone 1: groepbehuising gesoneer is, wat die oprigting van groepsbehuising as primêre gebruik bepaal.

Die reserweprys (BTW uitgesluit) is gebaseer op markwaarde en deur die Raad vasgestel op R1 232 000,00.

Uit hoofde van die raadsbesluit van 26 November 2015 is die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee om, onder andere, die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendom te oorweeg vir aanvaarding al dan nie.

Vier tenders is teen die sluitingsdatum ontvang waarvan slegs die tender van *Gangji Family Trust (IT 1248/2002)* ten bedrae van R1 280 000,00 bo die reserweprys is.

BESLUIT

- (a) Dat die vervreemding van erf 9302, Tafelzicht, Malmesbury ingevolge Tender L03.15.16 aan die *Gangji Family Trust (IT 1248/2002)* goedgekeur word ten bedrae van R1 280 000,00, BTW uitgesluit;

7.10/...

- (b) Dat die Aanbod om te Koop deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste namens die Raad onderteken word, om aan die Verkoop-ooreenkoms beslag te gee;
- (c) Dat die tenuitvoerlegging van die verkoopvoorwaardes, spesifiek ten aansien van die opskortende voorwaardes daarin vervat, deur die direktoraat Korporatiewe Dienste, in samewerking met die raadsprokureur en ander interne rolspelers gemonitor sal word.

7.11 VERHURING VAN GEDEELTE VAN ERF 301, ABBOTSDALE AAN CENCE (12/2/R)

Daar is tydens gesprekke met die burgemeester, munisipale bestuurder en ander rolspelers met mnre Moolman en Bosman van *Cence* ooreegekom dat Ig., in samewerking met die Direkoraat: Ontwikkelingsdienste, met die breër gemeenskap van Abbotsdale sal konsulteer om die gemeenskap se inkoop by die projek te verkry.

Die voorsitter spreek sy kommer uit dat hierdie ooreenkoms nie nagekom is nie. Dit is baie belangrik dat die gemeenskap van Abbotsdale eienaarskap en verantwoordelikheid vir die projek moet neem.

Rdl R F van der Westhuizen noem dat daar 'n bestuurskomitee byeengeroep is wat met die gemeenskap sou konsulteer. Dit het egter nie plaasgevind nie, en het ook rdl Sedeman as wyksraadslid sy kommer uitgespreek dat, aangesien die lede van die wykskomitee – onder andere – ook nie by die proses betrek is nie, verdere konsultasie eers moet plaasvind alvorens die verhuring van gedeelte van erf 301, Abbotsdale aan *Cence* deur die Munisipaliteit goedgekeur kan word.

BESLUIT

- (a) Dat die goedkeuring vir die verhuring van gedeelte van erf 301, Abbotsdale oorstaan tot tyd-en-wyl *Cence* 'n meganisme, tot die bevrediging van die Munisipaliteit, gevind het om met die breë gemeenskap van Abbotsdale te konsulteer;
- (b) Dat die konsultasie ten doel moet hê om die gemeenskap by die projek te laat inkoop en om verantwoordelikheid vir die projek te aanvaar, sodat die blaam nie op die Munisipaliteit geplaas kan word as die projek nie volhoubaar is nie.

7.12 VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 20 Januarie 2016 goedkeuring verleen dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ±17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg.

'n Openbare mededingingsproses is deurloop om die grond vir akkerbou-doeleindes beskikbaar te stel, ten behoeve van 'n plaaslik (Moorreesburg)-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie.

Slegs die Koringbedryfmuseum (wat tans ook die grond huur) het 'n voorstel ingedien.

BESLUIT

- (a) Dat tender L05.15.16 vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg ten bedrae van R200,00 per jaar, BTW uitgesluit, aan die Koringbedryfmuseum toegeken word, vir 'n periode van een jaar, met ingang vanaf 1 April 2016;
- (b)/...

7.12/...

- (b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van die huurkontrak te finaliseer en die ooreenkoms te mag onderteken.

7.13 VERHURING VAN GEDEELTE ERF 730, DARLING: SWARTLAND MUNISIPALITEIT / DEPARTEMENT OPENBARE WERKE (WESKUS NOOD MEDIESE DIENSTE) (K2/2/2)

Die Raad verhuur 'n gedeelte (groot 96 m²) van erf 730, Darling vir die afgelope drie jaar aan die Departement Openbare Werke om die Ambulansdienste vandaar te bedryf.

Die huurooreenkoms verstryk op 30 September 2016.

Verteenwoordigers van die provinsiale ambulansdienste het op 12 Februarie met die Direkteur: Korporatiewe Dienste ontmoet oor die moontlikheid om die huurooreenkoms te verleng na 'n periode van vyf jaar.

Die Departement Openbare Werke beoog om in sy 2016/2017 begroting 'n bedrag van R600 000,00 te bewillig vir die aanbring van 'n onderdak 'wash-bay' op die perseel, waar hul noodvoertuie gewas kan word.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot 96 m²) van erf 730, Darling aan die Departement Openbare Werke (namens die Departement Gesondheid) om as ambulansbasisstasie (nood mediese dienste) gebruik te word, en wel vir 'n termyn van vyf jaar met ingang vanaf 1 Oktober 2016;
- (b) Dat huurgeld ten bedrae van R100,00 plus BTW per jaar betaalbaar sal wees;
- (c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly;
- (d) Dat die Departement Openbare Werke toestemming verleen word om ondertussen deur middel van hul ingenieurs die nodige ondersoek en beplanning te doen vir die aanbring van 'n 'wash-bay', met dien verstande dat hulle met die toepaslike direktorate sal skakel oor die Munisipaliteit se vereistes rakende (onder meer) enige aansluitings, die indiening van bouplanne en die plasing (binne die toelaatbare boulyne) van die 'wash-bay' op die perseel.

7.14 HUUR VAN STOORRUIMTE TE MALMESBURY (12/1/2-6/2)

Die Raad huur stoorruimte van die Bester Familietrust vir die stoor van vullissakke en watermeters. Die huurtermyn verstryk op 31 Maart 2016.

Die Direktooraat: Finansiële Dienste het aangedui dat die stoorruimte vir 'n verdere termyn benodig word vir voormelde doeleindes.

BESLUIT

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met Bester Familietrust aangegaan word vir 'n verdere termyn van 12 maande vir die huur van stoorruimte te Malmesbury vir doeleindes van die stoor van munisipale vullisverwyderingsakke, met ingang vanaf 1 April 2016;
- (b) Dat huurgeld ten bedrae van R810,00 per maand betaal word uit posnommer 657452001342 (aankoop van vullissakke);
- (c) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag bly.

7.15 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2016 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Februarie 2016.

7.16 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.17 DIE UITSLAG VAN BATE OPNAME EN DIE AFSKRYWING VAN VERSEKERINGSEISE ITEMS (5/14/3/5)

Die Batebestuursbeleid bepaal dat die Munisipaliteit se bates jaarliks geverifieer moet word. Die proses om alle bates te verifieer het plaasgevind vanaf 1 September 2015 tot einde Desember 2015.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat met die jaarlikse verifikasie daar geen bates as verlore aangeteken is nie;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aangehegte lys van bates wat afgeskryf moet word as resultaat van versekeringseise wat afgehandel is.

7.18 WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die nuwe verordening van Swartland Munisipaliteit insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) bevat bepalings aangaande die proses wat gevolg moet word om die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk jaarliks te hersien.

Die proses word ingevolge die betrokke wetgewing en verordening in die verslag tot die sakelys saamgevat.

BESLUIT

Dat die volgende stappe ter wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk in terme van paragrawe 3 en 4 van die Swartland: Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedgekeur word, naamlik –

- (a) Die konsep wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk ingevolge artikel 3(1)(b) van die verordening na die Provinsiale Minister vir kommentaar verwys word;
- (b) 'n Kennisgewing ingevolge paragraaf 3(2)(b) in twee amptelike tale wat in die omgewing gebesig word in die plaaslike pers gepubliseer word van die voorneme van die Raad om die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk te wysig, sowel as die proses wat gevolg staan te word in terme van klousules 28(3) en 29 van die Munisipale Stelselwet, Wet 32 van 2000;

(c)/...

7.18/...

- (c) Die Munisipaliteit moet ingevolge paragraaf 3(2)(b) die Provinsiale Minister skriftelik in kennis stel van die voorneme om die munisipale ontwikkelingsraamwerk te wysig, van die besluit ingevolge artikel 3(1)(b) en die proses wat gevolg staan te word in terme van klousules 28(3) en 29 van die Munisipale Stelselwet, Wet 32 van 2000;
- (d) Die Munisipaliteit tersaaklike belanghebbendes uitnooi om te registreer om kommentaar te lewer op die konsep gewysigde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk as deel van voormelde proses;
- (e) Die Munisipaliteit 'n projekkomitee instel om sy ruimtelike ontwikkelingsraamwerk te wysig, wat uit die volgende munisipale amptenare vanuit die onderskeie direktorate sal bestaan, naamlik"

Munisipale Bestuurder	:	mnr J JScholtz
GOP	:	mnr L Fourie
Ruimtelike beplanning	:	mnr J T Steenkamp mnr A M Zaayman mnr A J Burger mnr H Olivier
Ingenieurs	:	mnr R du Toit mnr A J Botha
Ekonomiese Ontwikkeling	:	me H Balie
Behuising	:	mnr S Arendse

7.19 DIE AFBAKENING VAN 'RESTRUCTURING ZONES' IN MALMESBURY (17/4/2/B)

Die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings het gedurende 2010 'n Huurbehuisingsstrategie ontwikkel. Die strategie het, onder andere, die leier dorpe in die provinsie uitgewys waar ekonomiese groei plaasvind, maar waar die behuisingsmark nie voorsiening maak vir persone met 'n lae- tot gemiddelde-verdienste nie.

Swartland Munisipaliteit is as een van die leier dorpe geïdentifiseer en sal 'n Huurbehuisingsstrategie moet opstel en herstruktureringsones identifiseer om onder die Nasionale Sosiale Behuisingsprogramme te registreer.

BESLUIT

- (a) Dat Swartland Munisipaliteit kennis neem van die inisiatief om vir die 13 leier dorpe ingevolge die "growth potential towns", sogenaamde huurbehuisingsgebiede/'Restructuring Zones' te identifiseer;
- (b) Dat Swartland Munisipaliteit sy misnoeë uitspreek teenoor die laat aanvang neem van die proses met gepaardgaande druk om besluite in 'n kort tydperk te moet neem;
- (c) Dat derhalwe **VERDER BESLUIT** word dat –
 - (i) Daar op hierdie stadium slegs kennis geneem word van fase een, sowel as die prioriteitsgebiede van die Huurbehuisingsstrategie, oftewel die 'Restructuring Zones';
 - (ii) Die voorlegging van die 'Restructuring Zones' aan die Nasionale Minister van Menslike Nedersettings gedoen word vir die oorweging van addisionele fondse vir registrasie onder die Nasionale Sosiale Behuisingsprogram;
 - (iii) Swartland Munisipaliteit op rekord plaas dat voormelde ondersteuning daaraan onderhewig is dat finansiële toekennings vir hierdie doel – addisioneel moet wees tot die toekennings wat vir behuisingsprojekte ontvang word.

7.20 **MUNISIPALE BEHUISINGSPPYLYN INGEVOLGE DIE RAAD SE MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/B)**

Die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings het versoek dat munisipaliteite hul behuisingspylyne bevestig ten einde eg. in staat te stel om 'n omvattende sakeplan aan die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings voor te lê.

Die behuisingspylyn is van groot belang, aangesien dit uitvoering gee aan die behuisingsstrategie in terme van spesifieke behuisingsprojekte met gepaardgaande begrotings vir die kort-, medium- en langtermyn.

BESLUIT

- (a) Dat die Behuisingspylyn vir die doeleindes vir gesprekke met die Provinsiale Departement: Menslike Nedersettings om projekte vir finansiering te oorweeg, in beginsel goedgekeur word, onderhewig daaraan dat die finale pylyn – met die korrekte finansiële toekennings – eers tydens die 30-dae begroting goedgekeur word, vir aanhegting as 'n sektorale plan tot die GOP, nadat die finansiële bevestiging, skriftelik deur die betrokke departement gegee is;
- (b) Dat die uitvoering van die projekte soos voorgestel in die plan onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse en grootmaatsdienste binne die onderskeie dorpe en indien addisionele fondse nie beskikbaar is nie, projekte moontlik aangeskuif kan word na die volgende finansiële jare;
- (c) Dat verder **KENNIS GENEEM** word dat -
 - (i) Riebeek Kasteel en Riebeek-Wes geïdentifiseer is as dorpe met 'n hoë groeipotensiaal;
 - (ii) Die Munisipaliteit tans in onderhandeling is met die "*Housing Development Agency*" rondom die oordra van 'n gedeelte grond van die plaas Michiel Heynse Kraal in Chatsworth na die Munisipaliteit en, indien suksesvol, daar gepoog sal word om die Chatsworth Behuisingsprojek voor einde Junie 2016 af te handel;
 - (iii) Fase 2 van Phola Park/Ilinge Lethu se siviele dienste voltooi is en dat Fase 3 se dienste teen 30 Junie 2016 voltooi behoort te wees;
 - (iv) Die eerste ±20 begunstigdes eersdaags op persele geplaas sal word.

7.21 **AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN RIOOL BESINKBAK, MALMESBURY RIOOLWERKE (16/3/1/5)**

Die besinkbakke vorm 'n belangrike deel in die behandelingsproses en behartig die skeiding van slyk en water. As sulks het dit 'n direkte invloed op die kwaliteit van uitvloeiende wat die rioolaanleg verlaat.

Tans is een van die besinkbakke buite werking as gevolg van 'n meganiese onderdeel wat gebreek het en die rioolwerke se behandelingskapasiteit word sodoende verminder.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die besinkbak om die volgende redes:
 - (i) Die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moet word as gevolg van die tydraamwerk waarin die besinktenk moet herstel word voordat dit noodsaaklik raak om die struktuur weer in bedryf te stel;
 - (ii)/...

7.21/...

- (ii) Die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moet word as gevolg van moontlike verdere strukturele skade wat aangerig kan word, sou die onderdeel nie betyds herstel word nie;
- (b) Dat die uitgawe van R96 400,20 (BTW uitgesluit) teen die rioolsuiweringswerke pos, posnommer 59-76-30-00-0312, verreken word;
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.22 ALGEMENE JAARVERGADERING: KAAPSE GEMEENSKAPLIKE PENSIOENFONDS: AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 32ste Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds vind plaas op Vrydag, 27 Mei 2016.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat mnr A Zaayman genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds op 27 Mei 2016;
- (b) Dat Raadslid R F van der Weshuitzen genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig.

7.23 VOORSTELLE VIR BESTUUR EN BEDRYF VAN GEBOU BEKEND AS OU DARLING FOKUS GEBOU TE DARLING AS VEELDOELIGE SENTRUM (12/1/3/1-9/1)

Die munisipale gebou te Colestraat 2, Darling – ook bekend as die Darling Fokus Gebou – was die afgelope paar jaar benut deur die Darling Fokus vir gemeenskapsaktiwiteite. Die ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en Darling Fokus is verlede jaar beëindig.

Die Bestuurspan het besluit dat 'n publieke deelname proses deurloop moet word om gemeenskapsorganisasies in Darling die geleentheid te bied om voorstelle vir die bestuur van die gebou as veeldoelige sentrum, in te dien.

Daar is twee voorstelle ontvang, synde die van onderskeidelik *Darling Outreach Foundation* en *Western Cape got Talent*. Die evalueringsverslag is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat daar tans onderhandelinge plaasvind aangaande die meublement van Darling Fokus wat nog in die gebou is, en dat dit moontlik deur skuldverrekening te doen teen agterstallige dienstegelde, sal agterbly.

BESLUIT

- (a) Dat die gebou geleë te Colestraat 2, Darling aan die Darling Outreach Foundation verhuur word vir die uitsluitlike doel om te bestuur en te bedryf as veeldoelige sentrum met die klem, op vaardigheidsontwikkeling, maatskaplike ontwikkeling en toegang tot regerings- en ander dienste;
- (b) Dat die huurtermyn vasgestel word op vyf jaar, met ingang vanaf 'n datum wat in oorlegpleging met die huurder bepaal sal word;
- (c) Dat huurgeld vasgestel word op R100,00 plus BTW per jaar, vooruitbetaalbaar;
- (d)/...

7.23/...

- (d) Dat die voorgestelde verhuring van die gebou in die plaaslike pers bekend gemaak word vir moontlike kommentaar;
- (e) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om, in samewerking met die direktoraat Ontwikkelingsdienste, die voorwaardes van verhuring met die huurder te finaliseer, wat moet insluit maar nie beperk sal wees nie tot die volgende:
 - (i) die eiendom uitsluitlik bestuur en aangewend mag word vir doeleindes soos voormeld, en met behoud van die programme (soos die opleidingstuin) wat reeds op die eiendom aangebied word;
 - (ii) die eiendom die Raad weer sal toeval indien dit nie soos hierbo gebruik word nie of die ooreenkoms vir welke rede ookal gekanselleer sou word, in welke geval geen kompensasie vir enige verbeterings op die eiendom deur die Raad betaalbaar sal wees nie;
 - (iii) die huurder vir die betaling van dienste wat op die eiendom verbruik word, verantwoordelik sal wees;
 - (iv) die verhuurder op 'n jaarlikse grondslag besigheidsplanne, finansiële begrotings en/of enige verslae van die huurder mag vereis om die werksaamhede van die huurder te monitor en/of te evalueer;
 - (v) die hernuwing van die ooreenkoms by verstryking daarvan oorweeg sal word na gelang die sukses/volhoubaarheid van die projek;
 - (vi) die Raad inspraak verkry op die bestuur, bedryf en gebruik van die eiendom deur verteenwoordiging op die bestuursliggaam van sowel 'n raadslid en 'n beamppte van die Ontwikkelingsdienstedirektoraat.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER